Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 10 Julie 1946. No. 33.

# Geledere van O.B. Word Sterker Sê Adjunk-K.G.

**,,Daar is oral hernude belangstelling in die beleid van die Ossewabrandwag en veral ten opsigte van die landsbestuurstelsel. Die gedagte van beroepsverteenwoordiging in ten minste een van die twee rade of kamers vind deurgaans by alle geledere byval", het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, in 'n onderhoud verklaar nadat hy van sy 3,000 myl-lange reis in Noord-Transvaal in Kaapstad teruggekeer het.**

Die behoefte van verteenwoordiging van hierdie aard in plaas van partyverteenwoordiging wat nie insluitend is nie maar uitsluitend ten opsigte van mense met dieselfde belange, word so sterk gevoel dat dit nie alleen in partykringe nie maar veral ook in vakbondkringe inslag gekry het.

As die Ossewabrandwag hierdie hernuwing teweeg kan bring, en dit is nie onmoontlik nie as daar samewerking teen die beleid van verdeeldheid van die kant van ander politieke organisasies gevind kan word, dan het die O.B. verlossing vir Suid-Afrika, sowel uit die modderpoel van partypolitiek as op die gebied van sy ekonomiese bestaan gebring, aldus genl. Smith.

### NUWE GROEIKRAG

Die rondreis, wat gestrek het oor 'n afstand van meer as 3.000 myl, het onder andere die openbaring gelewer dat die mense vandag oral, ongeag partygesindheid of andersins, lig soek by die Ossewabrandwag. Die vooruitsig van 'n eie pers wat waarheid en die boodskap van volkseenheid vir die volk sal bring, het seer seker die Volksbeweging nuwe krag en moed gegee. **,,Dit het duidelik gedurende die reis geblyk dat die O.B. onteenseglik aan die toeneem is in sy groeikrag, en dat hy sy invloed nou na buite toe laat geld. Byna oral het mense van ander organisasies die byeenkomste bygewoon. Daar is oral 'n vraag na leesstof oor die Ossewabrandwag", het genl. Smith verklaar.**

Die reorganisasie met die aanstelling van kommandorade het hernude stoeikrag vir die Beweging besorg. Dit het onmiddellik vrug gelewer. Die kooptering van mense buite die Beweging op hierdie rade het die belangstelling opgewek. Die kommando's in hierdie deel van die land is besig om nuwe lede te werf. Sommige het selfs 'n kompetisie in hierdie verband aan die gang.

### AANVALLE AFGEKEUR

Aan die ander kant, het genl. Smith verklaar, het aanvalle soos dié van mnr. Eric Louw en van die partyorgaan in Kaapstad op die Ossewabrandwag se stryd teen Britsisme en Kommunisme, die geledere versterk. **By die O.B.-lede het dit meer beslistheid besorg en in H.N.P.-kringe nie alleen simpatie vir die stryd gewek nie, maar seer seker afkeuring vir hierdie venynige aanvalle wat in die laaste tyd deur bogenoemde heer en sy kollega van Waterberg op die O.B. gelos is, in 'n tyd wanneer alle Afrikaans-nasionaalvoelende groepe een gemeenskaplike vyand, indien nie een gemeenskaplike doel het nie.**

,,Aanvalle soos dié van die kant van die kommuniste en die jagmakers op die sogenaamde ,,oorlogsmisdadigers" vir die herhaling van die Neurenbergse drama, het die geledere van die O.B. nouer aaneen laat sluit en groter vasberadenheid geskep. Getuie hiervan is die vasberadenheid waarmee die organisasie op alle plekke aangepak word," het genl. Smith verklaar.

---

**SKIET OP SPEURDERS:** Twee Kaapstadse speurders is verlede Vrydag gewond toe hulle 'n jong blanke wou arresteer op aanklag van huisbraak. Ten spyte van die feit dat hy elke speurder twee keer raakgeskiet het, het hulle daarin geslaag om hom in hegtenis te neem. Speurder-sersant J. Naudé is in die maag geskiet, terwyl speurder-sersant G. J. van der Merwe deur die bovleis van elke been gewond is.

---

**SOEK OORLOGSMISDADIGERS:** Die spesiale sending van uit Suid-Afrika wat in Duitsland gaan ondersoek instel het na die bedrywighede van Unie-burgers in Duitsland, het hul ondersoek voltooi en sal eersdaags hul bevindings meedeel. Die Russe het geweier om hierdie sending in hul besettingsgebied toe te laat. Vermoed word dat Eric Holm wat gedurende die oorlog na Suid-Afrika uitgesaai het, hom in hierdie gebied bevind.

---

**BAN DIE GEESTELIKES!** Die voorsitter van die Russiese beheerraad in Hongarye, het die Hongaarse regering versoek om streng op te tree teen die geestelikes wat die volk na bewering aanspoor om teen die Russiese owerheid in opstand te kom. Dit het gebeur nadat twee Russiese offisiere gedood is. Die nota eis dat alle Katolieke jeugorganisasies in die ban gedoen moet word. (Sapa-United Press).

# Naturelle Aangepor Tot Wetsoortreding Deur Indiërs

**Die Indiërs in Suid-Afrika en Indië is besig om die naturelle en kleurlinge in Suid-Afrika op te rui en aan te moedig om tot wetsoortreding en aktiewe verset teen die blankes oor te gaan.**


Op 'n vergadering van Indiërs, kleurlinge en naturelle wat verlede week onder die beskerming van die Indiese Bond in Kaapstad gehou is, het hulle hul steun aan die Indiërs wat in Natal die wet oortree, toegesê. **Verskeie sprekers het verklaar dat die tyd vir aktiewe verset deur alle seksies van die nie-blanke bevolking nou aangebreek het. Hulle het gewys op die groot krag wat uitgeoefen kan word wanneer die 8,000,000 nie-blankes oor die land tot aktiewe verset oorgaan en gelyktydig tot lydelike verset opgeroep word.**

Aan die einde van die vergadering is diegene wat bereid is om aan die beweging vir wetsoortreding deel te neem, versoek om op te staan. Ongeveer 40 persone, meeste naturelle, het opgestaan en hulle gewilligheid getoon. Aan hulle is vorms uitgedeel sodat hulle met die leiers van die lydelike verset in Durban in verbinding kan tree.

Ook Gandhi is vanuit Indië besig om die naturelle in Suid-Afrika teen die blankes op te stook. Op 'n bidstond het hy gesê: ,,Ek sal nie 'n enkele traan stort as almal wat aan die beweging vir lydelike verset deelneem, uitgewis word nie. **Deur hulle lewens neer te lê, sal hulle nie net hulself verlos nie, maar die weg vir die naturelle in die land aantoon."** Hy het gesê dat die grond in Suid-Afrika nie aan die blankes behoort nie, maar aan diegene wat die grond bewerk.

'n Naturelle-vakbondleier het dan ook verlede week in Durban gesê dat die naturelle die Indiese wetsongehoorsaamheid met groot belangstelling dop hou, en dat die dag nie meer ver is nie wanneer al die nie-blankes 'n blok sal vorm teen al die wette wat op die kleurslagboom gegrond is.

# ,,SKULDIG OF NIE"



GENL. MICHAILOWITCH.

Amerikaanse loodse wat in Joego-Slawië teen die Duitsers gehelp veg het, was baie verontwaardig toe hulle verneem het van die verhoor van genl. michailowitch, weerstand-leier, op aanklag van hoogverraad en skakeling met die vyand. Hulle het aansoek gedoen om ten behoewe van die generaal getuienis te gaan aflê, maar verlede week is berig dat die aansoek vir die tweede maal deur die hof verwerp is omdat die getuienis ,,onnodig is".

Volgens die Amerikaanse blad Time het die kommunistiese diktator Tito, wat die verhoor gelas het, tydens die verhoor gesê dat Michailowitch se ,,vergryp" teenoor die volk so groot is dat hy moet sterf, ,,of hy skuldig bevind word of nie".


In die lig van hierdie vooruitveroordeling deur die staatshoof in ,,demokratiese" Joego-Slawië, is die antwoord van die hof dat getuienis ten behoewe van Michailowitch ,,onnodig" is, begrypbaar.

Op die foto word die beskuldigde (of veroordeelde) gesien waar hy die hof verlaat. Volgens die Britse blad Review of World Affairs is hy vooraf gemartel ten einde skuldbekentenisse van hom af te dwing.

# Kamerade Kan Ryk Word as Hulle Net Krag Uitvind

Die Russiese nuusblad Pravda het 'n beroep op Russiese wetenskaplikes gedoen om alle resultate en navorsing wat in die buiteland op die gebied van die atoomkrag gedoen is, te oortref. Pryse word uitgeloof vir geslaagde navorsing.

Die Stalin-prys van 100,000 roebel is toegeken aan die Russiese wetenskaplikes wat verantwoordelik was vir die navorsing ten opsigte van lugdinamika. As gevolg hiervan, so het Moskou verklaar, is dit moontlik dat vliegtuie die snelheid van 621 myl per uur kan bereik. Die Britse blad Daily Mail berig egter dat hierdie vliegtuig 'n ontwikkeling is van die Duitse vinnige vliegtuig wat sy verskyning aan die einde van die oorlog gemaak het, en tans onder leiding van drie Duitsers vir die Russe verder ontwikkel word.



Vir swakkelinge is die lewe 'n las!! Vir sterk ontwikkelde manne is die lewe 'n genot! U KAN OOK 'N STERK ONTWIKKELDE MAN WORD, AL IS U NOU 'N SWAKKELING. (U ouderdom is geen hindernis nie).

Skryf om gratis besonderhede aan:

JOHAN HEFER,
Hefer Instituut vir Gesondheid en Liggaamsontwikkeling,
Posbus 3494 — KAAPSTAD.
Stuur my asseblief verdere besonderhede omtrent u kursusse gratis.

NAAM ..........................................

ADRES ..........................................

..........................................

# Die Volk en nie Baniere is Vyand se Mikpunt

**„Die vyand van die Afrikanervolk vra nie onder watter vlag of banier u veg of watter kentekens u dra nie, die vyand van die Christendom in Suid-Afrika soek u ondergang, u sal moet veg of u wil of nie. Hy sal nie aan u die keuse gee nie, hy doen die keuse," het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., by geleentheid van 'n groot vergadering te Pietersburg (Tvl.) op 19 Junie gesê. Die vergadering is gehou onder voorsitterskap van hfkomdt. J. A. van Zyl.**

Aan u is 'n ultimatum gerig of u nou aan die Suid-Afrikaanse Party, die Nasionale Party, die Afrikanerparty of die O.B. behoort, aan die Afrikaner in wie se are Afrikanerbloed vloei, aan hom is 'n uitdaging deur die georganiseerde goddeloosheid, die kommunisme gerig, het genl. Smith gesê.

Hierdie mense, het spreker gesê, eis die Afrikaner se land, hulle skryf aan hom voor dat hy nie vryspraak mag hê nie. Hulle is besig met 'n veldtog om die O.B. verban te kry. Hulle wil dr. D. F. Malan en Hans van Rensburg en alle Afrikaners aan die bome en lamppale hang.

GEMEENSKAPLIK

**Die tyd nader vinnig dat ons sal voel dat ons 'n gemeenskaplike doel het, dat dit nie oor 'n verkiesingsveldtog gaan nie, maar dat ons 'n plig teenoor die volk het.** Daarom sê die O.B.: My vriend, jy Afrikaner van die H.N.P., jy van die Afrikanerparty, as jy iets vir jouself en jou volk wil doen, kom bring jou organisasie, die O.B. het nog 'n 800 Kommando's in Suid-Afrika om saam met jou te veg (toejuiging).

**Laat ons ons organisasies saamgooi in een volksdaad vir die bevryding van die Afrikaner van kommunistiese en Britse oorheersing in Suid-Afrika.**

Spr. het die wortel van die kwaad aan 'n vreemde gees toegedig, wat in ons vaderland geplant, uitgeleef en beoefen word om die volk verdeeld en verbitterd te hou.

Van dat die Vierkleur gestryk is, is die stryd gevoer nog met steeds dieselfde gevolge. Solank as wat jy jouself leen vir 'n stelsel sal jy nie daardie stelsel kan regmaak nie. Die instrument kan nie ook die baas wees nie.

BRON VAN TWIS

Die huidige regeringstelsel, gebaseer op die sogenaamde parlementêre partystelsel, wat die mooi naam van demokrasie gekry het, is die instrument waarmee die Afrikanervolk onder gehou word. Solank dit nie vernietig word kan daar geen verandering kom nie. Daarom sê die O.B. daardie ding moet vervang word, daar moet weggekom word van die stelsel, die stelsel moet vernietig word, waar jy in S.A. altyd twee vegtende partye moet hê. Onder die huidige stelsel word die volksbelange die voetbal van die wedywerende partye of groepe in die vaderland.

**Indië en Egipte is tans besig om hul vryheid te verkry. Dit is nie as gevolg van 'n parlementêre besluit, maar as gevolg van volksaksie dat hulle seëvier. Dit is nie die ydele geklets binne die Parlement wat vir enige volk van betekenis is nie. Daar is nie een enkele geval in die geskiedenis van die wêreld waar daar 'n grondige verandering in regeringsvorm gekom het as gevolg van 'n parlementêre besluit nie.**

Langs die weg van partyverkiesings sal 'n Afrikanerrepubliek in Suid-Afrika nooit verkry word nie. Wat verlang word is nie 'n partystaat, maar 'n partylose staat soos die ou Transvaalse Republiek gehad het.

## *Meer Afrikaans: Versoek van F.A.K.*

Die kongres van die F.A.K. wat verlede week in Bloemfontein vergader het, het besluit dat daar stappe gedoen sal word om Afrikaans sy regmatige plek in die handel, beroepslewe en regte te laat inneem. 'n Beroep is op Afrikaners op die platteland gedoen om net Afrikaans te praat as hulle in die stede kom. Die kongres het die regering ook versoek om toe te sien dat al hul werk amptelik in Afrikaans vertaal word.

Die kongres het die moontlikheid bespreek dat die radio aangewend kan word om die Afrikaner meer kultuurbewus te maak. Dit is moontlik dat 'n radiobond onder die F.A.K. gestig sal word.

Prof. J. C. van Rooy van Potchefstroom is weer herkies tot voorsitter van die F.A.K. Hy dien in hierdie hoedanigheid sedert die dood van dr. N. J. van der Merwe.

**HOËR WOLPRYSE:** Vanaf hierdie maand is die wolpryse vir produsente met 5½ persent verhoog bo dié van verlede seisoen, volgens 'n verklaring wat uitgereik is deur die Minister van Landbou. Dit is moontlik as gevolg van die vermindering van die heffing van 13 tot 7½ persent op Suid-Afrikaanse wol.

(Vervolg van kol. 5)

**ring van sy gewete hoogverraad pleeg en daaraan skuldig bevind word.**

Besonder belangwekkend was 'n aanhaling uit 'n toespraak wat Parnell gelewer het in Cincinnatti toe hy Amerika deurreis het om geldelike steun te werf vir die Ierse stryd. Parnell het naamlik verklaar dat die sekerste manier waarop die Iere Britse belange in Ierland kon ondermyn, sou wees om „Landlordism" te beveg.

HELP BOERE

Mnr. Scott-Hayward het die woord gevoer oor „Die land waarin ons lewe". Hy het veral nadruk gelê op die feit dat talle Iere hulle aan die kant van die Boere geskakel het tydens die Vryheidsoorlog van die twee Republieke en het o.a. die name genoem van genl. Butler wat sy rang neergelê het as protes teen die oorlog, en Michael Davitt wat sy ontslag as lid van die House of Commons aangevra het as protes teen 'n oorlog wat hy bestempel het as die grootste misdaad van die Negentiende Eeu.

Mnr. A. Connolly het meegedeel hoe Ierand in die laaste jare gevorder het. Hy het die oprigting van die Ierse Weermag as 'n belangrike prestasie beskryf. Die Ierse regering het ook groot elektrifikasie-skemas aangepak en die voedselproduksie is vermeerder. Die regering stel 'n handelsvloot van 50 skepe, elk van 10,000 ton in voorуitsig. Ierland is baie gerieflik geleë as 'n vliegbasis en vliegvelde word vir hierdie doel ingerig.

# Blaaie Gis Oor Politieke Toekoms

„Politieke waarnemers in alle partye wag op een gebeurtenis met meer belangstelling as waarskynlik op enige ander gebeurlikheid. Dit is wat mnr. N. C. Havenga gaan doen," skryf Die Vaderland in 'n berig na die verdaging van die parlement.

„Daar word gevoel wat mnr. Havenga ook al mag besluit, dit 'n uitwerking van die vêrreikendste toekomstige betekenis in die politieke ontwikkeling in die land sal hê. Om hierdie rede word mnr. Havenga, na die Eerste Minister, beskou as die belangrikste spil waarom die Suid-Afrikaanse politiek vandag wentel."

**Die blad verwys verder na moontlike politieke herskommelings en die kraak wat daar in die geledere van die Verenigde Party gekom het as gevolg van die toekenning van politieke regte aan die Indiërs en die Bemarkingswet.** Hy verklaar dat die eenheid van die party slegs behoue gebly het deur die gesag van die koukus.

Die Herenigde Party het gedurende die afgelope sitting iedere geleentheid gehad om in aansien en krag toe te neem, **„maar tot dusver skyn dit nie asof ernstige pogings aangewend word om die vernaamste noodsaaklikheid, dit wil sê versoening met ander nasionaalgesinde elemente te bewerkstellig nie."**

WAPENSKOU

Ook Wapenskou, 'n weeklikse nuustydskrif, laat hom uit oor die moontlike politieke ontwikkelings as mnr. Havenga tot die politiek toetree:

„Dit is bekend dat hy (mnr. Havenga) geen simpatie vir die uitsluitende beleid van die H.N.P. teenoor ander Afrikanergroepe getoon het nie, ook dat hy tot dusver nie te vinde was vir samewerking met die H.N.P. op hierdie basis nie, hoewel die H.N.P. sy samewerking verwelkom het," aldus die blad.

„Dit is ook bekend dat hy deur talle van die lede van die V.P. daar as opvolger van genl. Smuts terug verlang word. **Is dit moontlik dat daar 'n groep in die V.P. is wat gereed sal wees om hom aan te pas by Havenga se leiding indien hy net gewillig sal wees om dit te kom gee? Dit is die vraag wat waarnemers begin stel wanneer hulle alternatiewe opweeg. Daar word gemeen dat 'n algemene skommeling in die politiek langs dié weg sal kom. Die bespieëlings in sommige kringe wil dat, met behulp van elemente in die Verenigde Party—verenig slegs in naam deur die persoon van die Eerste Minister—die eenheidstrigting van die Afrikanerdom moontlik sterker om 'n Havenga as om 'n Malan saam kan trek.**

MAGSFAKTOR

„Hoe raak of mis die gissings is kan nog nie gesê word nie.

Dat mnr. Havenga 'n magsfaktor van belang mag word, word algemeen erken. Benewens aanhang in die V.P. en Afrikanerparty en selfs in die H.N.P., is daar die feit dat hy reeds in die verlede met die Ossewabrandwag en Nuwe Orde in belang van Afrikanereenheid saamgewerk het in 'n poging om 'n front te skep wat ook die H.N.P. moes insluit. Hy is in beheer van die modernste Afrikaanse dagblad, wat boonop die grootste sirkulasie het. Voorts sit hy op talle direksies waar hy 'n wye kring van kontakte het.

„Wat gaan hy doen? Tot dusver weet niemand nie," verklaar die blad ten slotte.

# Atoombom Kelder 5 Uit 75 Skepe

**Vyf teikenskepe uit die totaal van 75 is tot sink gebring deur die atoombom wat verlede week op die proefkonynvloot by Bikini gelos is. Nege ander skepe is swaar beskadig en 3 is lig beskadig.**

Persmanne wat die ontploffing van die bom waargeneem het, het die gebeurtenis as 'n „kolossale mislukking" bestempel. Die bome op die eiland in die nabyheid is nie beskadig nie en visse swem ongedeerd tussen die skepe rond.

Daar is slegs tien varke, tien bokke en 300 rotte uit die totaal van 350 bokke, 150 varke en meer as 3,000 rotte deur die ontploffing gedood. Die mening is dat hierdie diere onmiddellik deur die bom gedood is en dat daar nog meer sal doodgaan aan die gevolge van die radioaktiewe strale.

Die tweede atoombom sal binne drie of vier weke afgegooi word. Hierdie keer sal die bom nie bo die skepe ontplof nie, maar hy sal so gestel word dat dit onder die oppervlakte van die see ontplof. Na verwag word sal dit 'n geweldige vloedgolf veroorsaak wat oor die eiland sal spoel.

## *Elliot Bedrywig*

Onder ongunstige omstandighede is op 27 Februarie 'n geslaagde funksie op die plaas van die Kommandant gehou. By die geleentheid is £25 ter stywing van Noodhulpfonds ingesamel.

Gedurende April is 'n geslaagde laertrek op die plaas van Oom Piet van Zyl, in die skaduwee van die Drakensberge gehou. Die kommando is daardeur met nuwe moed besiel.

Op 12 Julie vertrek twee manne van die plaaslike Kommandowag na die laertrek te Boesmansriviermond. Op 8 Augustus sal die Kommandantskap opnuut al sy kragte inspan om O.B.-dag 'n skitterende sukses te maak.

# Unie se Gifgas Tref Vissers en Werkers

**Elf vissers van Port Elizabeth het brandwonde aan hulle arms en gesigte opgedoen deurdat hulle kanne mostergas tussen die vis in hul nette gevind het. Vyf van die vissers is blankes. Hulle het omtrent 30 myl van die land gaan visvang op een van die rykste visvangplekke.**

Meer as 2,800 ton gifgas wat in S.A. vervaardig is gedurende die oorlog, is onlangs in die geheim naby Port Elizabeth in die see gegooi. Die gas was 'n soort mostergas en was bedoel vir chemiese oorlogsvoering. Die skip wat dit in die see gegooi het, het altesaam tien reise onderneem om al die gas na die diepsee te vervoer.

34 van die werkers is dermate deur die gas aangetas dat hulle in die hospitaal opgeneem is.

**Daar word gevrees dat die hele suidkus vir 'n paar jaar lank gevaarlik sal word vir vakansiegangers wanneer die gifgas begin aanspoel.**

# S.A. IERE HULDIG 'N VRYHEIDSTRYDER

**Sowat 300 Iere van die Rand en Pretoria het op Woensdagaand, 27 Junie, vergader in die Carlton Hotel, Johannesburg, om die 100ste verjaardag van die groot Ierse staatsman Charles Stewart Parnell te herdenk. Die verrigtinge het plaasgevind onder voorsitterskap van mnr. Tom O'Hagan.**

Die hoofspreker van die aand was adv. G. A. Mulligan, K.C., een van die weinige Iere in Suid-Afrika wat in sy jongelingsjare die voorreg gehad het om na 'n toespraak van Parnell te luister.

Adv. Mulligan het 'n boeiende rede gelewer oor die lewe en werk van Parnell. Hy het talle voorbeelde genoem van die heldemoed wat die Iere getoon het in hul stryd teen die Britse oorheerser. Na aanleiding van die bekende geval van Duffy, McManus e.a. wat eers ter dood veroordeel was vir hoogverraad en later versagte vonnisse opgelê is, het spreker daarop gewys dat elkeen van hierdie manne in hul latere lewe hoë poste in Amerika en elders beklee het. **Hy het verklaar dat dit 'n les behoort te wees vir diegene in hierdie of in enige ander land, wat om bloed roep wanneer iemand onder aanspo-**

(Vervolg in kol. 3)

# Ongelooflike Wreedheid Van Britse Offisier

Mnr. G. J. van Niekerk, P.K. Levubu, oor Louis Trichardt, skryf:

Die verhaal van Japie Greyling in Die O.B. van 14 Junie herinner my aan 'n ander onmensliker en lafhartiger voorval gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Hierdie drama waarin 'n 12-jarige seuntjie een van die slagoffers was, is afgespeel op die plaas „Sweetwaters", in die distrik Soutpansberg, in die begin van 1902.

'n Britse kolonne onder aanvoering van 'n offisier met die naam Taylor het op genoemde plaas gekampeer. Vandaar het hy gewapende naturellebendes uitgestuur om die groepies Boere, wat in die Laeveld se dodelike malariastreke skuiling gesoek het, op te spoor en uit te wis. Diegene wat nie onmiddellik vermoor is nie, is na Taylor se kamp geneem, waar hulle byna sonder uitsondering vermoor is.

'n Sekere groepie burgers het bestaan uit drie Van Stadens — 'n vader en twee seuns. By aankoms in die kamp word Roelf van Staden en sy 22-jarige seun aangesê om hulle graf te grawe. Daar dit byna onmoontlik was om met die slegte gereedskap wat hulle gegee is, in die harde grond 'n behoorlike graf te maak, was dit nog niks meer as 'n vlak holletjie, toe hulle bevel kry om reg te staan voor 'n vuurpeleton, sonder hulle geleentheid te gee vir selfverdediging.

12-JARIGE

Toe die 12-jarige Cornelis sien wat werklik met sy vader en broer gebeur het, het hy bitterlik gehuil. Dit was tot ergernis van die bevelvoerende offisier wat onmiddellik hierdie weerlose kind voor dieselfde vuurpeleton laat sleep en met Leemetford-koeëls deurboor het.

Dit was egter nog nie die toppunt van onmenslikheid nie. Toe hierdie Afrikanertjie voor die wrede Engelse lood ineensak, was hy nie dodelik getref nie. *Nietemin is dadelik begin om die vlak graf met die drie vermoordes toe te gooi.*

'n Ou naturel wat tans in die Noord-Transvaalse Laeveld woon en destyds in diens van die Engelse was, vertel die volgende:

Toe die kluite op die liggaam van klein Cornelis val, het hy sy een handjie losgewring en herhaalde pogings aangewend om die vallende grond van sy gesiggie te weer. In hierdie toestand is die slagoffers gelaat.

Die naturel vertel verder dat die gekerm van Cornelis die hele dag gehoor kon word tot in die laat middag toe dit al stiller geword het, sodat dit teen die aand heeltemal stil was.

Na die vertrek van die Engelse magte het naturelle wat in die nabyheid gewoon het, die blootgestelde lyke gaan bedek.

**JOODSE AMMUNISIE.** — 'n Ondergrondse voorraad-opslagplek met duisende patrone, granate, plofdoppies, mortiere en gewere is deur die Britse troepe by 'n Joodse nedersetting naby Haifa ontdek. Dit was bedoel vir optrede teen die Britte.

**TRUMAN EN JODE.** — Pres. Harry Truman het verklaar dat die Amerikaanse regering gewillig is om tegniese en finansiële steun te verleen sodat 100,000 Jode na Palestina vervoer kan word.

**WORD VERDOOP.** — Koningsbergen, voorheen hoofstad van Oos-Pruise en tans onder Russiese bestuur, sal voortaan onder die Russiese naam Kalinningrad bekend wees. Kalinin was die voormalige „president" van die Sowjet, wat kort gelede oorlede is.

**AFRIKANERPARTY:** Die Afrikanerparty in Transvaal sal gedurende Augustus 'n kongres in Johannesburg hou. Leiers van die party het verklaar dat daar 'n toenemende begeerte onder lede van die party is om met lydsaamheid, geduld en liefde die verskillende volksgroepe saam te snoer.

**AMERIKAANSE DIEWE:** Die Amerikaanse besettingsowerheid in Duitsland het bekend gemaak dat twee Amerikaanse offisiere onlangs ondervra is in verband met die diefstal van Duitse skilderye wat uit kastele in Duitsland geroof is. Franse speurders stel nog verdere ondersoek in.

**SPESIALE HOWE AFGESKAF:** Die afskaffing van die doodvonnis ten opsigte van ernstige gewelddade is deur die Minister van Justisie aangekondig. Dit beteken dat die spesiale howe wat ingestel is om die misdaadgolf te bekamp ook nou afgeskaf is.

# NUWE LEWE VIR O.B. VLAM OP

***„Net soos in baie ander dele van ons land vlam daar nuwe lewe vir die Ossewabrandwag op in die Swartland-Sandveld - generaalskap onder bevel van genl. Moorrees van Aarde", verklaar hoofkomdt. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier in Wes-Kaapland, wat so pas teruggekeer het van 'n twee-weekse besoek aan hierdie afdeling.***

***„Die Ossewabrandwag se standpunt van Volkseenheid, Volksamewerking en Volksregering in teenstelling met die partye se standpunt van twis en onverdraagsaamheid teenoor mede-Afrikaners, versadig 'n baie dringende begeerte by die gemiddelde Afrikaner", verseker komdt. Laubscher.***

DIE VOLKSFRONT

„Dr. Hans van Rensburg se verkiesingsleiding, nl. die skepping van 'n Volksfront van samewerkende volksgroepe in teenstelling met die partyeleiding wat koppig bly kleef aan die voortbestaan van partyfronte van twistende volksgenote vind in wye kringe onteenseglik sterk byval."

„Groot getalle welmenende Afrikaners, wat vandag nog buitekant die O.B.-geledere staan aanvaar heelhartig die leiding van dr. Van Rensburg en glo saam met hom dat die totstandkoming van 'n Volksfront van samewerkende volksgroepe die enigste wapen is waarmee die Afrikanerdom 'n parlementêre oorwinning by 'n volgende algemene verkiesing kan behaal", getuig komdt. Laubscher.

**„Die partye, en by name die H.N.P. of V.P., wat hierdie onvoorwaardelike samewerking wat die O.B. aanbied halstarrig bly weier kom al meer en meer onder verdenking by die volk", verklaar hoofkomdt. Laubscher; „en meer en meer Afrikaners sien op na die O.B. as die enigste samesnoerende faktor in die skoot van die Afrikanervolk."**

Genl. Moorrees van Aarde en hoofkomdt. Laubscher het op die volgende plekke vergaderings gehou: Malmesbury, Philadelphia, Riebeek Wes, Riebeek Kasteel, Aurora, Suurfontein, Velddrift, Vredenburg, Moorreesburg en Hopefield.

Op al die vergaderings was ook andersdenkende Afrikaners aanwesig wat aandagtig geluister het na die beleid en leiding van die Ossewabrandwag.

**Die bevelvoerende generaal het oral die reorganisasieskema deurgevoer en geesdriftige offisiere en kommando-rade agtergelaat wat met nuwe besieling die stryd voortsit.**

## Standbeeld Na Kerkplein


Die stadsraad van Pretoria het eenparig die beginsel dat die standbeeld van pres. Kruger wat tans op die stasieplein, staan, na die suidekant van Kerkplein vervoer word. Die beginsel dat 'n permanente verhoog vir die standbeeld opgerig word, is ook aanvaar. Die voorstel is gedoen deur die burgemeester.

Die Krugergenootskap wat hom beywer vir die verskuiwing van die standbeeld na Kerkplein het nog altyd geëis dat die standbeeld in die middel van Kerkplein geplaas moet word.

**TEKORT AAN BABAS:** Die bevolking van Frankryk het so afgeneem dat tensy Frankryk 3,500,000 immigrante invoer hy nie meer sal kan voortbestaan as 'n groot moondheid nie, volgens 'n verklaring van die minister van gesondheid en bevolking in die voormalige Gouinregering. Hy het 'n beroep om meer babas gedoen.

Frankryk se eis om meer kinders is gegrond op sy ernstige bevolkingstoestand en soos altyd hou hy 'n bevreesde oog op sy buurman Duitsland. Die bevolking van Duitsland het gedurende die oorlog toegeneem terwyl die van Frankryk met meer as 'n miljoen verminder het.

WAARDE VIR GELD




Dameshoede . . .

VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL PAROW

**GEEN LAERTREK**

**Die Laertrek wat op die plaas Coopersdal, naby Komatiepoort vanaf 11 tot 20 Julie gehou sou gewees het, is weens onvermydelike omstandighede gekanselleer.**

**KORING:** Kanada sal teen die einde van September begin om 300 boesel koring na die lande van die Britse Ryk en die hongerlydende Europa uit te voer. Dit sal die grootste uitvoer van die afgelope jare wees. Die koringopbrengs van Kanada word vanjaar as besonder groot beskryf.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda Meubelhandelaars,

(EIENDOMS) BEPERK


Groote Kerkgebou — Kaapstad

Boere Aandag!

BELLVILLE SUID VISSERYE

Vars en Soutvis. Plattelandse bestellings geniet voorkeur in Masbanker bokkems. Ons koop ook vars groente en boere-produkte. 5159-4

Die Vrou in die Geskiedenis!




DIE AFRIKAANSE VROU

Deur Eric Stockenström.

6/6 posvry.


'n Oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het. Marie Koopmans-de Wet, Olive Schreiner, Johanna Brand, Marie Stegman, Emily Hobhouse, ens., word behandel.

Romans

MARYNA, of die Kamferhoutkissie, deur Malherbe en Carinus, . . . 2/9 posvry.

EERS DIE KONINKRYK, deur H. J. M. Redelinghuys. 7/10 posvry.

DIE VERSKRIKLIKE DR. PERRON, deur Walter Spiethoff . . . 2/9 posvry.




VRA OM LYS VAN NUUTSTE ROMANS

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29 — — — STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 10 JULIE 1946.

# HUL LAASTE KANS?

Politieke waarnemers sien in die nabye toekoms 'n herskommeling in die Suid-Afrikaanse politiek. Die Vaderland, die grootste Afrikaanse dagblad, sowel as die nuustydskrif Wapenskou, het voorverlede week bespiegelings gehad oor toekomstige ontwikkelings. Waar Die O.B. hom in die jongste tyd sterk beywer het vir samewerking tussen die nasionaalgesinde groepe, is dit nodig dat met hierdie beskouings rekening gehou word.

Die naam van mnr. Havenga word deur albei blaaie sterk op die voorgrond gebring. Die sekretaris van die Afrikanerparty het kort gelede hom ook uitgelaat oor die keuse waarvoor die party staan: Hy het die moontlikhede genoem van samewerking met òf die H.N.P. òf die Verenigde Party. *Ten opsigte van eersgenoemde het hy die beswaar ingebring dat hierdie party se leiers hul te swak getoon het om die verskillende volksgroepe saam te snoer. Dit is dan ook bekend dat mnr. Havenga in die verlede bereid was om 'n bondgenootskap met die H.N.P. teen Smuts te vorm mits die deure nie vir ander nasionale groepe soos die Ossewabrandwag gesluit is nie.* Daar kan dus aangeneem word dat die Afrikanerparty eerder in die rigting van die H.N.P. sal neig, indien laasgenoemde dit vir hom net moontlik sal maak. Ten opsigte van samewerking met die Verenigde Party het die sekretaris gesê dat hul oorlogsbeleid en gebrek aan gevoel vir 'n standpunt van Suid-Afrika eerste in die pad staan. .

### GROOT KEUSE

Ons wil geen voorspelling waag oor wat mnr. Havenga en sy party gaan doen nie. Daar is sprake van 'n heeltemal nuwe herskommeling waardeur mnr. Havenga aan die hoof van 'n nuwe party te staan kan kom wat sy lede uit sowel die Verenigde as die Herenigde Party sal trek. *Ons wil net beklemtoon dat die Afrikanerdom in die volgende paar maande voor 'n keuse staan wat verreikende gevolge mag hê.*

Wat die H.N.P. betref, staan hy voor die keuse om deur grootmoedige optrede 'n saambinding van nasionale kragte moontlik te maak waarbinne daar ook plek vir mnr. Havenga en ander sal wees, of om te volhard in sy enge rigting van isolasie, en hom daardeur van goeie Afrikanerkragte blywend te vervreemd.

Wanneer nuwe partye eers gevorm is, sal dit baie moeilik wees om die verdeeldheid te oorbrug. Daar sal eers kragte gemeet word, en die mure van skeiding sal weer vinnig opgebou word.

Dit wil dus voorkom of die verantwoordelikheid op die skouers van die H.N.P.-leiding tans besonder swaar druk. *Hulle het vandag nog die kans om die eenheid te herstel van mense wat by die uitbreek van die oorlog bymekaar was. Die feit dat al hierdie mense bereid is om met die H.N.P. saam te werk, indien laasgenoemde maar net die hand wil vat wat tot hom uitgesteek word, plaas 'n historiese verantwoordelikheid op die skouers van die H.N.P.-leiers wat in die eersvolgende paar jaar tot 'n pynlike selfverwyt kan lei as daar nie van die gulde geleentheid gebruik gemaak word nie.* Want dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat enige nuwe kombinasie op 'n grondslag van Suid-Afrikaanse nasionalisme — die voorwaarde wat mnr. Havenga blykbaar stel — 'n gedugte mededinger vir die H.N.P. sal wees, veral waar laasgenoemde deur sy verwerping van O.B.-stemme vir sy oorwinning toegewys is op juis daardie afvallige kragte in die Smutskamp wat hulle by 'n Havenga-kombinasie sal skaar.

# Publiek Eet Duur „Beheerde" Vleis

**Die pryse wat slagters vir vleis vra, is feitlik deurgaans hoër as die vasgestelde prys. Daarbenewens is die gegewens en opgawes wat die slagters aan die kommissie verstrek het hoofsaaklik van onbetroubare aard.** Slegs van 'n geringe persentasie van die gegewens kon gebruik gemaak word. Dit is die bevinding van die kommissie wat ondersoek ingestel het na die vleisnywerheid. Die kommissie het bevind dat baie slagters van 1d. tot 1½d. per pond meer vra as die gekontroleerde prys.

Die onkunde aan die kant van die verbruiker insake graad, gehalte ens. van die vleis bied aan sommige slagters uitstekende geleentheid om die publiek uit te buit.

In verband hiermee merk Die Merino op dat wat noodsaaklik is, is dat die persone wat werklike belang by die vleisnywerheid het, nl. die verbruiker en die produsent nader aanmekaar gebring moet word in hul eie gemeenskaplike distribusie-onderneming.

Die boere van Oos-Londen het verlede week die toon aangegee deur die stigting van 'n koöperasie van produsente wat hom ten doel stel om plaasprodukte regstreeks aan die verbruiker te bemark en die middelman sodoende uit te skakel.

## INDIËRS GESTRAF

Sedert die begin van die wetsoortreding van die Indiërs in Durban is daar meer as 2,100 Indiërs voor die hof gedaag. Hul vonnisse het gewissel van £5 boete tot ses maande harde arbeid. Onder die persone wat tot harde arbeid gevonnis is, is die twee Indiese leiers dr. G. Naiker en dr. Y. Dadoo, wat tot drie en ses maande onderskeidelik gevonnis is. Altesaam is daar 158 Indiërs in die tronk. Die optrede van die regering is deur die Indiese kongres in Bombaai as „blanke boewery" bestempel.

# Laat Beroepe Deel Vorm van Staat

**Die O.B. se beleid is dat die georganiseerde boeredom, handel, nywerheid, vrye beroepe, mynwese, verkeerswese, ens., in die beraadslaging van die staat regstreeks verteenwoordig moet wees deur hul eie vakkundiges of deskundiges.**

Laat die boer as boer stem — en vir 'n boer; die volksgenoot wat sy lewe uit die handel maak — ongeag of hy die winkelbode of die winkelier is — as handelaar stem vir 'n handelaar wat die belange van die handel moet verteenwoordig; die onderwyser of professor as opvoedkundige vir 'n opvoedkundige om die volk se onderwys te behartig, ensovoorts met elke bedryf en beroep.

Kortom: **vakkundige verteenwoordiging, gekies deur vakmanne en deskundiges, elkeen op sy eie gebied.**

Vandag het ons as Minister van Landbou 'n advokaat . . . en op elke straathoek staan die mense tou, nie om vir die meneer te stem nie, maar om in hemelsnaam iets van die landbouprodukte en kos in die hande te kry. Hulle het dit nodig om van te leef; die boer produseer dit en leef van wat hulle koop — en 'n advokaat staan tussen verbruiker en produsent (nie as regsadviseur nie, maar as die opperbeheer oor landbou!)

Verder mag die leser vra: „Ja, maar hoe moet die mense in 'n kiesafdeling stem, want hulle is nou eenmaal nie almal boere, of almal spoorwegmanne of wat ook al nie?" Die antwoord is natuurlik dat ons wat beroepsverteenwoordiging betref, nie in die „kiesafdeling" as sodanig geïnteresseerd is nie —d.w.s. daardie ses- of negehonderd vierkantmyl-afdeling nie, maar wel in die mense wat daarin woon. **En hulle stem nie volgens kiesdistrikte nie, maar volgens beroepe.**

### VOLKSRAAD

**Die aanvaarding van die beginsel van beroepsverteenwoordiging dwarsdeur die volk skakel 'n tweede volksraad nog nie uit nie. Daar is nasionale belange, by voorbeeld die staat se buitelandse sowel as sy algemene binnelandse beleid en wat dies meer sy, wat nie soseer met die een of ander beroep — of selfs met al die beroepe saam — te doen het nie.** Daardie nasionale kwessies kan die volk òf aan die gekose staatshoof oorlaat, òf by wyse van volkstemmings laat reël, òf aan 'n aparte volksraad toevertrou.

Die kritiese leser sal wel meen dat hierdie „breë" of „nasionale" volksraad die broeiplek laat vir 'n weeropstanding van die partystelsel, want hier geld die beroepe nie. Dit is moontlik, **hoewel die groei van partye verhinder en aan bande gelê kan word (in die Transvaalse Republiek was hulle by wyse van Volksraadsbesluit verbied). En selfs al sou hulle dwing om te ontstaan is hul tande getrek deurdat alle praktiese kwessies, wat die beroepe raak, buitekant hul bestek geplaas is.**

Neem die voorbeeld van een van ons strydkwessies van vandag, naamlik moedertaalonderwys. Vanselfsprekend is die medium van onderwys 'n kwessie vir die onderwysberoep, dit wil sê vir die beroep aan wie die doeltreffende opleiding van die jeug toevertrou is en wat as vakmanne beter behoort te weet of mens 'n kind vinniger en deegliker in sy moedertaal kan oplei of in 'n vreemde medium. Vandag is dit die speelbal van mense wat nòg taal nòg kind as deskundiges kan benader.

### UITSKAKELING VAN BROEDERTWIS

Ons kan die saak nog verder voer. Nie net kry die volk onder hierdie nuwe stêlsel vakmanne om oor vaksake te beslis nie, **ook die grondoorsaak van die haat en onenigheid is dan by voorbaat uitgeskakel.**

Want as vakmanne oor hul eie vak moet stem, dan is die natuurlike en menslike neiging om die beste man te kies **in belang van die kieser se eie nering.**

As dit neerkom op die brood van jou vrou en kinders, dan soek jy nie meer slimpraatjies nie en haat en „Vrymesselaarstories" en al die ander skietgoed van die partypolitici nie.. **nee, dan soek jy 'n koele kop, 'n rype ervaring, verstand en — bo alles — eerbaarheid; maak nie saak of dit Sap of Nat is nie, of sy Engels swakker is as sy Afrikaans of andersom nie.**

So kan die verteenwoordiging van die hele werkende volk deurloop van vak tot vak, ambag tot ambag, beroep tot beroep.

### BOTSINGS

Daardie kritiese leser van soewe sal alweer met 'n beswaar kom en sê: „Ja, dis alles wel. Maar wat van die botsende belange tussen die groepe? By voorbeeld tussen boer en stedelike verbruiker, ens.?"

Ons gee geredelik toe dat daar botsings gaan wees. **Maar hulle is vandag onder die partystelsel ook daar.** Trouens, die hele lewe is 'n konflik en wrywing.

Maar dit alles is nog geen rede om nie vakkundige verteenwoordiging te kry nie. Om weer 'n voorbeeld te noem: **Byna alle boerevertakkings is verteenwoordig in die S.A.L.U., en tog weet ons almal dat daar belangebotsings binne daardie Unie moet voorkom. Die suiwelboer, wat sy koeie moet voer, wil goedkoop koeivoer kry en die mielieboer wat sy lewe uit die mielieoes moet maak en sy landbankrente daaruit moet betaal, wil hê dat mielies nie vir 'n appel en 'n ei moet gaan nie. Nietemin is hulle albei boere en albei is in die Landbou-unie georganiseer. Binne die S.A.L.U. moet hulle botsings in elk geval opgelos word.**

**Hoe nader hulle aan mekaar georganiseer is, hoe beter is die vooruitsigte vir 'n billike oplossing en vir die kans dat elkeen die ander se moeilikheid sal kan begryp.**

**In die partystelsel word daardie konflikte glad nie opgelos nie; hulle word net teen mekaar afgespeel, in so ver hulle nie op die lange baan geskuif kan word nie.**

### TOESIG

Maar die Ossewabrandwag

## O.B.-Beleid

wil ook op hierdie punt verder gaan en die saak nie net aan die verhoopte goeie gesindheid van die betrokke groepe oorlaat nie.

Ons staan vir eie seggenskap vir die beroepe, as ook vir hul meer direkte verteenwoordiging: **dit alles onder die koördinerende leiding van die staat.**

**Bokant alle beroepe staan die staat, wat die gesamentlike volk as geheel verteenwoordig en wat die beroepe onderling moet inskakel na die algemene volksbelang, want die boer, mynwerker, spoorwegman, ens. is nie net boer of mynwerker of spoorwegman nie. Hy is tewens volksgenoot en organies verbonde met ander volksgenote wat wel aan ander beroepe en bedrywe behoort, maar nietemin sy vader of broer of suster of neef of wat ook al is.**

Net soos hy 'n vakman kies om sy vakbelange te behartig, so kies hy ook 'n volksgenoot om sy volksbelange in die algemeen te verteenwoordig en daaroor te waak.

Dit is die taak van daardie gekose staatshoof en regering wat deur die hele kieserliggaam gekies is, om die beroepsverteenwoordigers in sy beraadslagings en staatsaksies te ken en te hoor voordat hy wette uitvaardig en stappe doen wat die volk in die algemeen en die betrokke beroepe in die besonder mag raak.

Ook vandag is daar onsekerhede, maar hulle word vandag „opgelos" deur 'n partykoukus wat nie beroepe maar wel stemme nodig het. En die leë kop en die vol kop word albei getel as „een"!

Die beroep, egter, die tel glad nie.

Daarom sê die Ossewabrandwag: **Eie Seggenskap vir die Beroepe en Bedrywe, met inskakeling van Beroepsverteenwoordiging in die Staat.**

# Dassies Word Waardevol

**Dit is moontlik dat die dassieplaag baie boere in die land tot voordeel kan sterk. Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat daar binnekort 'n mark vir dassievelle sal wees.**

'n Boer in die distrik van Graaff-Reinet het daarin geslaag om belangstelling van 'n oorsese firma, wat in pelse handel, op te wek vir die dassievelle. Hy het onlangs sy eerste bestelling van 150 dosyn dassievelle van die firma ontvang. Hulle is bereid om 6s. per pond te betaal. Een vel weeg ongeveer 'n kwart pond.

Die vel van die dassie moet nie beskadig word nie en moet liefs deur die kop geskiet word. Alleen die velle van dassies wat tussen Mei en Junie geskiet of gevang word, is van waarde.

VRA BY SPOORWEGBOEKSTALLE VIR WAPENSKOU

WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF

Intekening 12/6 per jaar by Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch.

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# HELP INDIËRS MET PROTES!

Mnr. F. J. D. Jacobs skryf: Hoe is dit moontlik dat die Afrikanervolk die Indiër-wetgewing en die astrante houding wat die Indiërs in verband daarmee inneem so stilswyend aanvaar? Die feit dat die verderflike partystelsel magteloos was om 'n groot probleem op te los, en nog 'n groter een in plek daarvan geskep het, verwek by my groot onrus vir die toekoms.

Dit is vir my duidelik dat die Indiërs nog meer regte gaan kry, ten koste van die blanke beskawing in Suid-Afrika.

Ek wil nie vir een oomblik ontken dat Indiërs hier ingevoer is om hier te kom werk nie, maar hulle is mos daarvoor betaal, en het tewens ook gasvryheid geniet wat hulle nêrens in die wêreld weer sal kry nie. By wyse van protes het hulle hul besighede gesluit en handel met Suid-Afrika gestaak.

Kom nou Afrikaners! Laat ons hulle protes ondersteun en toesien dat hul besighede toe bly; moenie met hulle handel dryf nie; diegene wat aan hulle handelsregte verhuur het, kanselleer dit; gebruik u invloed op elke gebied om hul protes te ondersteun, en as hulle dan nie daarmee tevrede is nie, dan is dit vir hulle self om te weet dat Indië lê in die Ooste en nie in die Suide nie. Hulle eie volk het hulle daar nodig om vir hulle te help om die juk van slawerny af te gooi; daar is hulle stem nodig en kan hulle gaan verteenwoordigers kies soveel as hulle wil.

Mede-Afrikaners, dis in belang van u volk, en die toekoms van u kind dat u handelend moet optree. U kan nie eendag meer uitstel nie, hulle het nog 'n Indië om na terug te gaan, maar u het net een Suid-Afrika.

## Vorm Een Front

Cecil Hugo, Kaapstad, skryf: Beskou die wêreldposisie soos dit vandag is. Beskou die heersende internasionale stelsels,—„die vegters vir demokrasie en christendom." Hulle het die wêreld in 'n bloedige oorlog gedompel, en 'n oorwinning behaal wat dreig om hulself te oorrompel. Hulle het 'n vyand verslaan maar kan die „Eie Ek" in hulself nie oorwin nie. Geen nasie is 'n oorwinning waardig voordat hy homself oorwin het nie.

Is die Britte meer tevrede met die demokrasie waarvoor duisende van hul landgenote hul bloed gestort het? Is hul jingo-boeties tevrede met die wraak wat geneem is? Besef hulle dat hulle nou in Duitsland weer doen wat hulle tydens die Tweede Vryheidsoorlog gedoen het, maar net op groter skaal? Is die inwoners van „God's own Country" nou meer tevrede met die christendom wat vir hulle deur die Russe gewen is — 'n christendom waar hongerdood, moord, roof en verkragting aan die orde van die dag is?

Waarom bly die volk van Suid-Afrika skynbaar tevrede met 'n regering wat, nadat hy 'n onwillige volk in 'n nuttelose oorlog gedompel het, slegs vir sy eie sak sorg, en die volk beveel om koek te eet wanneer daar nie meer brood is nie?

Demokrasie is al soveel maal verkrag dat dit uitgedien en van geen waarde is nie. Kommunisme en die Ossewabrandwag is dus al wat oorbly vir ons in Suid-Afrika om te kies. Kommunisme? — God behoed my volk — nooit!

Sy Majesteit se regering het 'n opposisie — wat hy self betaal. Maar hierdie opposisie is in die minderheid in die Parlement. *Waarom dan nie 'n volksregering stel in die plek van 'n regerende party wat gekenmerk staan vir sy korruptheid nie?*

Wat staan ons voor die deur as hierdie regering aan bewind van sake bly? Watter toekoms is daar vir ons jeug? Gaan ons in staat wees om ons tradisie, kultuur en taal te handhaaf met 'n regering wat alles wat Afrikaans is vyandig gesind is, 'n regering wat die Afrikaanse taal en tradisie wil smoor deur uitlanders in te voer? Ons kan immers geen toekoms bou as ons nie ons verlede in ag neem nie.

Ons kan nie meer trek soos ons voorvaders gedoen het nie. Ons moet dus vasstaan en veg! *Almal saam in een wye front.*

## Offisiere Neem Afskeid van Genle. Theron

Die vroue-offisiere van die Kaapse Skiereiland het verlede week op gesellige wyse in die O.B.-Vriendskapsentrum afskeid geneem van genle. dr. Erika Theron, hoofvrou van Gebied A, wat vir 'n studiereis



na Amerika vertrek. Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, hfgenl. P. D. Rousseau, hfkomdte. S. S. Voigt wat intussen as hoofvrou van Gebied A waarneem, en mev. J. H. Conradie was o.a. aanwesig.

Nadat mev. J. A. Smith, eggenote van die Adjunk-K.G., genle. Theron 'n aangename reis toegewens en die hoop uitgespreek het dat wanneer genle. Theron van die buiteland terugkeer sy die O.B. met haar nuwe gedagtes sal verryk, het die Adjunk-K.G. die aanwesiges toegespreek. *Hy het gewag gemaak van die toenemende groeikrag van die Ossewabrandwag soos dit uit sy onlangse reis in Transvaal geblyk het.* Hy het sy spyt uitgespreek dat genle. Theron gedurende hierdie fase van die stryd tydelik van die O.B. moet afskeid neem. Wanneer sy oor ses maande weer terugkeer, weet hy dat sy haar kragte vir die versorging van die volk weereens sal ingooi.

Genle. Theron het haar dankbaarheid uitgespreek dat sy die voorreg gehad het om saam met haar offisiere te mag werk. Om te dien is nie 'n voorreg nie, maar 'n plig, het sy gesê.

Komdte. E. Lategan het namens die vroue-offisiere 'n pragtige koffer aan genle. Theron oorhandig.

# £50 Plus Huurgeld Vir 'n Krot

**Die aantal mense wat wag op huise of woonstelle neem nog steeds in die groot stede toe. In Kaapstad is daar meer as 4,400 huisgesinne wat hulle by die kontroleur van mannekrag aangemeld het om 'n onderdak, en nog nie gehelp is nie.**

**Van hierdie behuisingsnood maak gewetenlose huiseienaars, veral Jode, deeglik gebruik om die geteisterdes nog verder uit te buit.**

Dit het al 'n vrywel algemene praktyk geword vir woningloses om by die kontroleur verby te kom deur regstreeks na die eienaars te gaan en hulle 'n bedrag aan te bied. Nie alleen laat sommige eienaars hul sulke aanbiedinge welgeval nie, maar hulle het die onbeskaamdheid om dit te vra wanneer hulle genader word.


Voorheen, toe daar nog geen beheer oor die verhuur van huise was nie, het hulle in 'n groter gevaar gestaan om aangekla te word. Daar het dan ook reeds hofsake oor sulke afpersing plaasgevind. Nou egter word hulle waaghalsiger, aangesien die mense wat regstreeks by hulle kom aanklop, self 'n oortreding begaan as hulle sonder toestemming van die kontroleur 'n huis betrek. Boonop vrees die huurders uitsetting deur die kontroleur indien hulle uitgevind word. Hulle is daarom maar te gretig om die bedrag van £100 of £50 te betaal en dan tjoepstil binne te trek.


Verlede week nog het 'n jong getroude paar, wat reeds 'n jaar lank wag op 'n huis of woonstel, navraag gaan doen by 'n huiseienaar omtrent 'n woonstel wat sou vakant raak. Die eienaar het aan hulle gesê dat daar geen moeilikheid in verband met die beheer sal wees nie, indien hulle bereid is om £50 te gee om die bewoners van die woonstel — wat in elk geval kennis gegee het van vertrek — uit te help! Hulle het na die woonstel gaan kyk, maar dit was 'n stuk bouval bo-op 'n huis wat hulle selfs teen 'n gewone huur met lang tande sou neem. Hierdie paartjie het nog 'n kamertjie in 'n losieshuis. Ander wat geen woonplek het nie, sal bereid wees om die £50 te betaal.

**JODE VERHEF HUL STEM:** Jode in Suid-Afrika het verlede week protes aangeteken teen die beleid van die Britse regering in Palestina. Orals in die land is protesvergaderings gehou, en besighede was gesluit.

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
**Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.**
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

*Stel U Belang In?*
MUSIEK
KUNS
LETTERKUNDE
AFRIKAANSE ROMANS
ENGELSE ROMANS
EKONOMIE, STAATKUNDE, SOSIOLOGIE, TEOLOGIE,
NATUURKUNDIGE WETENSKAPPE, ENS. ENS. ENS.
Vra om Pryslyste van dié boeke waarin u belangstel.
**Pro Ecclesia-Boekhandel**
POSBUS 29 — STELLENBOSCH

**Die man wat die eerste nuwe karre lewer**
FORD, MERCURY, LINCOLN, MONARCH. ALLE FORD VRAGMOTORS EN TREKKERS
Garages te: Robertson, Montagu, Ashton, Bonnievale, Laingsburg en Koebergweg, Brooklyn.
BESTEL DADELIK OM TELEURSTELLING TE VOORKOM.


**DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.**
LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIE-KURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!
Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.
NAAM ..........
ADRES ..........
Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ..........
Kursus waarin u belangstel ..........
(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoetiek, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)
*Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg*

# GESIN VIND UITWEG TEEN WETSVERBOD

**Ver in Noord-Transvaal waar die Boeregees nog helder brand, kan in die binnekamers van Verlorevlei die gesjag-sjag-sjag van spinwiele gehoor word, waar kledingstukke ter stywing van die fondse vir 8 Augustus deur vlytige hande gespin en geweef word.**

Met die verbod op gebak, en met O.B.-dag aan die kom, lê ywerige lede van die Volksbeweging hulle tans toe op die vervaardiging van gebruiks- en sierartikels en laat hulle hul geesdrif vir die insameling van fondse nie demp deur die gebrek aan meel nie.

Op die plaas Verlorevlei, in die distrik Dullstroom, is Boerejeugkomdte. mej. S. Steyn besig om komberse, reisdekens, vloermatte, kussings ens. te vervaardig uit skaapwol wat sy spin op die spinwiel wat deur haar vader, hoofkommandant Douw Steyn, uit hout van sy Bosveldse plaas gemaak is.

Komdte. Steyn besit 'n besondere groot weeftoestel waarmee sy enige grootte kombers weef. Sy vervaardig baie goedere en kan nie voorbly om die bestellings uit te voer nie.

MAAK SPINWIELE

**Hoofkomdt. Douw Steyn vervaardig op bestelling baie spinwiele en toebehorens, asook kleiner weeftoestelle. In 'n buitekamer staan altyd 'n aantal gereed vir afsending. Daar is wat van rooi-ivoor, tambotie, Transvaalse kijaat, ysterhout ens, gemaak is. Al die tolle, spoele ens. word deur homself gemaak. Hy doen hierdie werk wanneer die reënweer en mis op die Steenkampsberge vir dae aaneen toetrek en werk met die vee of landerye onmoontlik is, want sy plaas lê meer as 7,000 voet bo die seevlak.**

Sy gade, kommandante Steyn — hulle is almal ywerige offisiere van die O.B. — help die flukse dogter hetsy met spin — en die Steyns kan spin — of met die afwerking van die komberse of maak van die „afvalwol" die pragtigste stoelkussings. 'n Mens moet daardie gesin besoek om te sien werk, vir hulself en vir die O.B.!

**Hulle glo dat 'n Afrikaner sy vrye tyd aan die vervaardiging van handwerk moet bestee en lag diegene uit wat kla dat hulle nou nie weet — daar hulle nie koek vir 'n funksie kan bak nie — wat om te doen nie.**

„Maak iets met jou hande," sê die Hoofkommandant.

„Moenie wol in die winkel gaan koop wat jy self kan spin nie," sê kommandante Steyn, „dis baie sterker en beter."

# 3,600 PST. WINS OP 'N KOOLKOP

**Groentesmouse in Kaapstad maak tot 3,600 persent wins op die groente wat hulle van die Skiereilandse boere op die mark koop en dit dan weer aan die publiek verkoop. Intussen word koeie op die beste gehalte blomkool gevoer omdat die boer net 2d. daarvoor aangebied word, terwyl die verbruiker tot 2s. daarvoor moet betaal.**

Boere het aan Die O.B. meegedeel dat hulle in baie jare nie so 'n lae prys vir hul groente ontvang het nie. Dit betaal hulle nie om hul produkte op die mark te bring nie, waar die smouse 'n ring vorm om die pryse omlaag te druk.

Hulle het verklaar dat hulle in die toekoms sál probeer om hul groente self te bemark en meer koöperatief te werk te gaan sodat die wins in die sak van die man gaan wat daarvoor gewerk het.

Op die mark in Kaapstad ontvang boere 10 pennies vir 12 bossies wortels. Die kleinhandelaar in groente laat huisvrouens van 4d. tot 6d. per bossie betaal as hulle dit weer verkoop. Die feit dat hulle meer as 300 persent wins op elke bossie maak, maak dit besonder betalend om groentesmous te wees.

TAMATIES

**Vir 'n platkissie tamaties wat nagenoeg 14 pond weeg betaal die kleinhandelaar as hy dit van die boer koop van 1/9 tot 2/3. Huisvrouens betaal by die stalletjies van hierdie handelaars 9d. vir 'n pond tamaties. Hy maak maar net 'n „winsie" van 7d. per pond.**

Groenteboere ag hulle gelukkig as hulle 4/- vir 'n sakkie boontjies van 25 pond ontvang. Die kleinhandelaar vra van 6d. tot 8d. vir 'n pond boontjies. Hy maak 'n wins van 200 persent op hierdie transaksie.

'n Sak ertjies wat 25 pond weeg en hulle teen 6/6 op die mark koop, word teen 8d. per pond aan die publiek verkwansel. Die kleinhandelaar maak dus in hierdie geval 'n wins van 5d. op elke pond. Vroue koop dan ook liewer ingemaakte ertjies wat nog deur die hande van die fabriek ook gegaan het. Dit betaal hulle beter.

**'n Sak kopkool waarin 24 koppe kool gaan, word op die mark gekoop teen 2/- per sak. Dus teen 1d. per kop. Hiervoor vra die smouse tot soveel as 1s. as hulle dit verkoop — 'n wins van 1,200 persent!**

KOEIVOER

Die mark is tans so oorlaai met blomkool en die prys daarvan so laag dat boere dit aan hulle beste voer. Hulle beskou dit voordeliger as om die onkoste aan te gaan deur dit na die mark te bring. Sommige boere gee vragte blomkool weg. **Op die mark ontvang boere van 6d. tot 1s. vir 'n dosyn blomkole. Die kleinhandelaar laat die publiek 1/6 tot 2/- vir 'n kop blomkool betaal. Dit is meer as 3,600 persent wins!**

Boere het verklaar dat hulle gewillig is om 6d. vir elke kop kool te ontvang. Dit maak hulle boerdery betalend. Dit sou redelik wees om die middelman 'n wins van 3d. toe te staan. Dit sou beteken dat die verbruiker 9d. in plaas van 2/- vir 'n kop kool moet betaal.

Die regering het die boere met die oog op 'n moontlike hongersnood aangemoedig om so-


(Vervolg in kol. 3)

(Vervolg van kol. 5)

veel voedsel as moontlik aan te plant. Nou dat dit gedoen is, word die boere aan die gewetenloosheid van die georganiseerde middelman oorgelaat.

Ontwateringsfabrieke is nie in staat groente in te maak nie omdat daar nie genoeg blik beskikbaar is nie.

# WEEF VIR O.B.-DAGFONDS



Jeugkomdte. mej. S. Steyn van Dullstroom in haar werkkamer besig met haar spinwiel, deur haar vader gemaak, en sommige van die artikels wat sy geweef het. Die baadjie van die man is ook uit materiaal deur haar gespin en geweef, fyn en netjies soos uit 'n manswinkel. (Kyk berig „Gesin vind Uitweg teen Wetsverbod.")

## *Loonstaking In Koninklike Paleis*

**Die Engelse pers het die jongste tyd hul kolomme vol oor die besoek van die Britse koning aan Suid-Afrika. Ons word deeglik op die hoogte gehou met alle bedrywighede aan die koninklike paleis. Om daarby aan te sluit, kan ons die volgende berig:**

**Die Britse koning bestee besonder aandag aan sy reisiesperde. Die Amerikaanse blad Time skryf dat hy nege van hierdie perde aanhou en dat hulle hom 'n aansienlike bedraggie geld in die sak bring. Gedurende die jongste tyd het drie van hierdie perde soveel as £9,437 vir hom ingesamel. Die blad skryf dat sy grootmoeder, koningin Victoria, besonder gekant was teen perdereisies. In 'n brief aan haar seun Edward skryf sy oor die slegte invloed daarvan en verklaar dat dit baie jong mans al geruïneer het.**

**Onderwyl die koning so lekker geld maak op die reisiesbaan, het sy huishouding in 'n krisis beland. Sy tweehonderd bediendes in die paleis het gestaak om hoër lone. Hulle eis ook dat lewenskostetoelae aan hulle betaal word. Die regering, wat verantwoordelik is vir die besoldiging van die bediendes, moes ingryp en hoër salarisse belowe.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk Groote Kerkgebou 703, Kerkplein Kaapstad.


# Kommuniste Dring in Tot by die Kospot

Orals waar kleurlinge in Kaapstad vergader, is die kommuniste besig om hul propaganda onder die neuse van die omstanders te druk. Bykans by elke voedseltou waar kleurlinge teenwoordig is, is daar kommunistiese agitators wat die ontevredenheid onder die kleurlinge aanblaas.

Gedurende die afgelope week het kommuniste onder die dekmantel dat hulle die orde wil bewaar by die voedseltoue by die mobiele voedselwaens, kleurlingvroue aangemoedig om nie 'n aparte tou te vorm nie omdat hulle reg het om saam met die blankes in een tou te staan.

Met die protesvergadering van die Jode verlede week in Kaapstad het die kommuniste hul blad The Guardian onder die Jode wat voor die saal saamgedrom het verkoop. Jodinne en kleurlinge was hiervoor verantwoordelik.

**SMUTS PRAAT JODE VOOR:** Die Eerste Minister het sy meegevoel met die Joodse volk uitgespreek oor die voorvalle in Palestina, toe 'n afvaardiging van die Joodse Raad hom onlangs ontmoet het. Hy het verder verklaar dat hy in verbinding met die Britse regering is en dat hy die algemene gevoel wat deur die Jode gehuldig word, aan die Britse regering sal oordra.



GEKLEUR VIR NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

Posbus 35 Foon 214

DIE PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)